	<p>kommunikeer;</p> <ul style="list-style-type: none"> ❖ die invloed van faktore, soos siektetoestande, massa en ouderdom, op variasies in geneesmiddelwerking te identifiseer en te evalueer; ❖ die invloed van die toedienroete van geneesmiddels op optimale geneesmiddelwerking te beoordeel en aan die pasiënt oor te dra; en ❖ moontlike faktore wat die optimale werking van geneesmiddels nadelig kan beïnvloed, te identifiseer en die nodige maatreëls te tref om die toestand te verbeter of reg te stel. <ul style="list-style-type: none"> • Kennis van die etiese waardes met betrekking tot die reseptering van geneesmiddels of medisyne, met inbegrip van die lewering van die korrekte advies en waarskuwings om veilige en doeltreffende medisynegebruik te verseker.
Metode van aflewering:	Voltyds
Assesseringsmetodes:	Pk 1x3 uur 1 : 1

Modulekode: FMSG311	Semester 1	NKR-Vlak: 6(7) Krediete: 16
Titel:	Farmaseutiese doseervorme en Tegnologie I	
Module-uitkomste:	<p>Na voltooiing van dié module moet die student die volgende kan demonstree:</p> <ul style="list-style-type: none"> • 'n afgeronde kennis van die basiese beginsels betrokke by die ontwerp en ontwikkeling (formulering, vervaardiging, verpakking, toetsing, bewaring en gebruik) van medisyne in die algemeen en orale vaste doseervorme spesifiek; en van die toepassing van kwaliteitsversekering (AQ), goeie vervaardigingspraktyke (GMP) en kwaliteitskontrole (QC) tydens die vervaardiging van medisyne; • die vermoë om kennis en begrip van produkontwerp, produkontwikkeling en kwaliteitsversekering, individueel of in spanverband, te kan toepas in die ontwerp en ontwikkeling (formulering, vervaardiging, toetsing en verpakking) van orale vaste doseervorme; • die vermoë om relevante preformuleringsinligting uit alle moontlike bronne (vakhandboeke, farmakopeë, internet-bronne) op te spoor, te evalueer en te gebruik tydens medisynevervaardiging; • 'n afgeronde en sistematiese kennis van die bepaling van die rakleef tyd en vervaldatum van medisyne met in agneming van die toepaslike chemiese kinetiese beginsels; • individueel of in spanverband 'n farmaseutiese produksieproses (vanaf formulering tot verpakking) te kan beplan, organiseer, beheer en uitvoer aan die hand van die vervaardiging van orale vaste doseervorme; • die vermoë om met ander lede van die gesondheidspan en die pasiënt te kan kommunikeer oor die korrekte gebruik en hantering van medisyne in die algemeen en orale vaste doseervorme spesifiek; en 	

	<ul style="list-style-type: none"> 'n afgeronde kennis (en die toepassing daarvan) van die etiese en regsaspekte van belang tydens medisyne-vervaardiging en toebereiding.
Metode van aflewering:	Voltyds
Assesseringsmetodes:	Pk 1x3 uur 1 : 1

Modulekode: FMSG321	Semester 2	NKR-Vlak: 6(7) Krediete: 16
Titel:	Farmaseutiese doseervorme en Tegnologie II	
Module-uitkomste:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> 'n afgeronde kennis beskik van die fisies-chemiese beginsels betrokke by die ontwikkeling van vloeibare doseervorme (orale vloeibare doseervorme en parenterale produkte); 'n afgeronde kennis beskik aangaande die basiese beginsels van farmaseutiese mikrobiologie (insluitend die verskillende sterilisasie en aseptiese tegnieke betrokke tydens die produksie en hantering van steriele doseervorme); die vermoë beskik teoretiese kennis oor genoemde doseervorme te kan toepas in die formulering, vervaardiging, hantering en bewaring van orale vloeibare en parenterale produkte; die vaardigheid beskik om genoemde kennis oor beginsels van farmaseutiese mikrobiologie te kan toepas tydens die produksie en hantering van steriele doseervorme; die vaardighede, vermoëns en etiese waardes beskik om as adviseur op te tree tydens die keuse en gebruik van genoemde doseervorme ten einde die vereiste uitkoms van geneesmiddel terapie te versker; die vaardigheid beskik om wetenskaplik te kan kommunikeer, soos byvoorbeeld die skryf van verslae; praktyk-gerigte probleme in verband met bogenoemde doseervorme te kan bespreek en suksesvol en effektief in groepsverband kan saamwerk. 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:	Pk 1x3 uur 1 : 1	

Modulekode: FMSG411	Semester 1	NKR-Vlak: 7(8) Krediete: 16
Titel:	Farmaseutiese doseervorme en Tegnologie III	
Module-uitkomste:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> 'n omvattende en sistematiese kennis beskik ten opsigte van die toedien van geneesmiddels via die volgende roetes: parenteraal, rektaal, vaginaal, transdermaal, pulmonêr, okulêr, nasaal, en die oor; die produksie (formulering, vervaardiging, evaluering en verpakking); die 	

	<p>reseptering, hantering en bewaring van genoemde roeteverwante doseervorme; asook reseptering en farmaseutiese berekeninge van toepassing op die bereiding en reseptering van alle doseervorme.</p> <ul style="list-style-type: none"> • die vaardigheid beskik om wetenskaplik te kan kommunikeer, soos byvoorbeeld die skryf van verslae; praktyk gerigte probleme in verband met bogenoemde doseervorme te kan bespreek; suksesvol en effektief in groepsverband kan saamwerk; en 'n voorskrif kan resepteer. • die bevoegdheid beskik om 'n voorskrif te kan vertolk en resepteer; farmaseutiese berekeninge van toepassing op die bereiding en reseptering van voorskifte korrek te kan uitvoer; om as adviseur te kan optree (vir pasiënte en ander lede van die gesondheidspan) oor die keuse en gebruik van spesifieke doseervorme; om 'n wesenlike bydrae te kan lewer tot die handhawing van produkeffektiwiteit en die versekering van pasiëntveiligheid. • die waardes beskik om ten alle opsigte eties op te tree in terme van alle vorme van doseervormontwikkeling; asook tydens uitreiking en bereiding van alle doseervorme.
Metode van aflewering:	Voltyds
Assesseringsmetodes:	Pk 1x3 uur 1 : 1

Modulekode: FMSG422	Semester 2	NKR-Vlak: 7(8) Krediete: 8
Titel:	Biotegnologiese en Innoverende doseervorme	
Module-uitkomst:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • 'n omvattende en sistematiese kennis beskik ten opsigte van die rol en toepassing van farmaseutiese biotegnologie in geneesmiddel terapie en doseervormontwikkeling; • die vermoë beskik om die eise wat nuwe generasie geneesmiddels aan doseervormontwikkeling stel, te verduidelik; • 'n grondige kennis beskik van die huidige en toekomstige tendense in geneesmiddelafl ewering en doseervormontwikkeling; en • 'n omvattende en sistematiese kennis beskik ten opsigte van die beginsels van die ontwikkeling en gebruik van dieremedisyne. 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:	Pk 1x2 uur 1 : 1	

G.13.4.2.4 Farmasiepraktyk

Modulekode: FGPO271	Semester 1 & 2	NKR-Vlak: 5b(6) Krediete: 4
Titel:	Gestruktureerde Praktykopleiding I	
Module-uitkomst:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • bewys te kan lewer van blootstelling aan, kennismaking met en waarneming van: (i) <i>Produkverskeidenheid</i>-farmaseutiese produkte en hulle verskillende doseervorme, verpakkings en indikasies; (ii) <i>medisyne-logistiek en wetlike regulering</i>:- verkryging, bewaring en herverpakking van medisyne) en (iii) <i>Reseptering van medisyne</i>:- voorskrifte, voorbereiding van medisyne, skedulering, etikettering en advieslewering 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:	Pk Geen eksamen	

Modulekode: FGPO371	Semester 1 & 2	NKR-Vlak: 6(7) Krediete: 4
Titel:	Gestruktureerde Praktykopleiding II	
Module-uitkomst:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • bewys te kan lewer van vaardighede en insig met betrekking tot die praktiese toepassing van teoretiese kennis in die praktyk ten opsigte van: (i) <i>Produkkeuse</i>:- farmaseutiese en farmakologiese kennis van farmaseutiese produkte, hulle verskillende doseervorme, indikasies, voor- en nadele.; (ii) <i>Medisyne-logistiek</i>:- bestuur van medisyne-logistiek d.w.s. beheer verkryging, bewaring en verspreiding van farmaseutiese materiaal en produkte; (iii) <i>Reseptering van medisyne</i>:- Interpretasie van voorskrifte, voorbereiding van medisyne, etikettering en advieslewering.); (iv) <i>Wetlike aspekte van medisyne</i>:- Insig in implikasies van wetlike aspekte van aptekerswese en medisyne m.b.t. logistiek, reseptering, die apteekperseel, apteker en die pasient; (v) <i>Klientediens</i>:- farmaseutiese sorgbeginsels en besigheidsaspekte, asook gemaklike omgang met multikulturele/taal aspekte as deel van klientediens en farmaseutiese sorg; (vi) <i>Etiese aspekte van apteekwese</i>:- Eties-professionele denke en optrede in bepaalde kontekste. 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:	Pk Geen eksamen	

Modulekode: FGPO471	Semester 1 & 2	NKR-Vlak: 7(8) Krediete: 4
Titel:	Gestruktureerde Praktykopleiding III	
Module-uitkomste:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> te demonstreer dat, ten einde doeltreffende farmaseutiese dienste en gunstige medisyne-uitkomste vir pasiënte te verseker, sy / haar teoretiese kennis en vaardighede ten opsigte van analitiese denke, sintese en probleemoplossing ten opsigte van die volgende toegepas kan word: (i) <i>Produkkeuse</i>:- Seleksie van farmaseutiese en verwante gesondheids-produkte en gepaste doseervorme met inagneming van logistiese, ekonomiese, farmaseutiese, farmakologiese, patologiese en farmaseutiese sorg-beginsels; (ii) <i>Medisyne-logistiek</i>:- Oplos van gevallestudies rondom medisyne-logistiek met inagneming van aanvaarde ekonomiese, farmaseutiese en farmasiepraktykbeginsels; (iii) <i>Reseptering van medisyne</i>:- Interpretasie van voorskrifte, voorspelling van middel-interaksies, konsultering en kommunikasie met mediese en ander gesondheidspersoneel, praktiese voorbereiding van bepaalde doseervorme, implikasies van etikettering en advieslewering; (iv) <i>Wetlike aspekte van medisyne</i>:- Demonstreer insig in die implikasies en noodsaaklikheid van die wette wat medisyne-logistiek, reseptering, die apteekperseel, apteker en die pasiënt , d.w.s. alle fasette van aptekerswese, reguleer; (v) <i>Kliëntediens</i>:- Toepassing van farmaseutiese sorg- en besigheidsbeginsels van kliëntediens in 'n multikulturele/samelewing; (vi) <i>IT en kommunikasievaardighede</i>:- Aanwending van rekenaar- en Internetvaardighede in effektiewe kommunikasie, bestuur en probleemoplossing en (vii) <i>Etiese aspekte van apteekwese</i>:- Uitleef van eties-professionele norme, waardes en optrede in probleemsituasies, asook 'n positiewe houding teenoor die aptekersprofessie. 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:	Pk Geen eksamen	

Modulekode: FPKG111	Semester 1	NKR-Vlak: 5a(5) Krediete: 12
Titel:	Farmasiepraktyk I	
Module-uitkomste:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> 'n omvattende oorsigtelike kennis te hê van die rol wat die apteker speel in die bestuur van medisyneverspreiding in die openbare gesondheidsorgstelsel van Suid Afrika; oor die bevoegdheid te beskik om die apteker se verantwoordelikhede in die bestuur van medisyneverspreiding in Suid Afrika te kan interpreteer; 	

	<ul style="list-style-type: none"> eties korrek, die wetlike en beroeps aspekte van medisyneverspreiding toe te pas in 'n groep of as individu.
Metode van aflewering:	Voltyds
Assesseringsmetodes:	Pk 1x3 uur 1 : 1

Modulekode: FPKG311 (Faseer uit in 2011)	Semester 1	NKR-Vlak: 6(7) Krediete: 8
Titel:	Praktykbestuur	
Module-uitkomst:	Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om: <ul style="list-style-type: none"> toepaslike/relevante bestuursbeginsels te definieer en in bepaalde relevante praktyksituasies toe te pas.; 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:	Pk 1x2 uur 1 : 1	

Modulekode: FPKG312 (Faseer in in 2012)	Semester 1	NKR-Vlak: 6(7) Krediete: 8
Titel:	Farmasiepraktyk II	
Module-uitkomst:	Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om: <ul style="list-style-type: none"> 'n afgeronde en sistematiese kennis te hê van rekeningkundige berekeninge en finansiële begrippe van finansiële bestuur; oor die vaardigheid beskik om mondelings en skriftelik met 'n finansiële adviseur te kan kommunikeer rakende finansiële state; oor die bevoegdheid beskik om bedryf- en finansiële begrotings op te stel en rekenkundige berekenings te kan doen; eties korrekte, vanuit 'n suiwer en gevestigde waarde-sisteem, finansiële bestuur te kan toepas. 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:		

Modulekode: FPKG321 (Faseer uit in 2012)	Semester 2	NKR-Vlak: 6(7) Krediete: 8
Titel:	Goeie Apteekpraktyk	
Module-uitkomst:	Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om: <ul style="list-style-type: none"> toepaslike wetlike aspekte te identifiseer, te beskryf en in praktyksituasies toe te pas; 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:	Pk 1x2 uur 1 : 1	

Modulekode: FPKG322 (Faseer uit in 2012)	Semester 2	NKR-Vlak: 6(7) Krediete: 8
Titel:	Kommunikasie vir die Apteker	
Module-uitkomste:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • 'n kommunikasie-model en sy onderskeie komponente te kan beskryf in die apteker-pasiënt konteks; • die verskeie luister- en responsvaardigheid te kan verduidelik, herken en toepaslik gebruik; • die apteker se rol in pasiëntsorg en pasiëntmeewerkendheid te kan beskryf en evalueer en • kommunikasie gebaseer op die behoeftes van 'n situasie of persoon kan kritiseer. <p>Aanvullend hiertoe behoort die student in staat te wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> ○ individueel of as deel van 'n groep, mondelings of skriftelik kommunikasievaardighede te kan demonstreer en evalueer; ○ probleme wat spruit uit oneffektiewe kommunikasie in die apteker-pasiëntverhouding te kan identifiseer en moontlike oplossings te kan voorstel en ○ doeltreffend in 'n groep saam te kan werk.. 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:	Pk 1x2 uur 1 : 1	

Modulekode: FPKG411 (Faseer uit in 2012)	Semester 1	NKR-Vlak: 7(8) Krediete: 16
Titel:	Mensehulpbronsbestuur	
Module-uitkomste:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • relevante/toepaslike hulpbronne te identifiseer, te bespreek en aan te wend in toepaslike farmaseutiese praktyksituasies. 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:	Pk 1x2 uur 1 : 1	

Modulekode: FPKG412 (Faseer uit in 2012)	Semester 1	NKR-Vlak: 7(8) Krediete: 16
Titel:	Gesondheidsorgbestuur	
Module-uitkomste:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • binne die raamwerk van die nasionale gesondheidsorg- en medisynebeleid bestuurde gesondheid-navorsingsleerplan te implementeer en resultate daarvan te kan rapporteer en interpreteer.. 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:	Pk 1x2 uur 1 : 1	

Modulekode: FPKG413 (Faseer in in 2013)	Semester 1	NKR-Vlak: 7(8) Krediete: 16
Titel:	Farmasiepraktyk IV	
Module-uitkomst:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • 'n afgeronde en sistematiese kennis te hê van die Wette wat die aptekersberoep raak met omvattende kennis van die Wet op Aptekers (Wet 53 van 1974), soos gewysig, Wet op Beheer van Medisyne en Verwante Stowwe, (Wet 101 van 1965) soos gewysig en enkele ander wette wat van toepassing is op die aptekersberoep; • oor die vaardigheid beskik om mondelings en skriftelik te kommunikeer; • insette te kan lewer rakende wetlike en etiese aspekte wat die beroep van die apteker raak; • probleme ten opsigte van die implementering van die wetlike aspekte wat die beroep van die apteker raak te kan identifiseer en moontlike oplossings voor te stel; • op 'n etiese wyse die wetlike vereistes van toepassing op die apteker in die praktyk te kan implementeer; • 'n omvattende en sistematiese kennis te hê oor die gesondheidsorgbestuur sisteem in Suid-Afrika; • kundigheid te kan demonstreer met betrekking tot beginsels van bestuurde gesondheidsorg, die verskillende gesondheidsorginstrumente en sekere; • inligtingsisteme nl. medisyneverbruiksevaluering, farmako-ekonomie; • bewese medisyneverbruik en farmako-epidemiologie; • bevoegdheid te hê om binne die raamwerk van die nasionale gesondheidsorg- en medisynebeleid; • bestuurde gesondheidsorgbeginsels in die praktyksituasie te kan implimenteer en toepas en die resultate daarvan eties te kan rapporteer en interpreteer. 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:	Pk 1x2 uur 1 : 1	

Modulekode: FPKG424 (Faseer uit in 2012)	Semester 2	NKR-Vlak: 7(8) Krediete: 8
Titel:	Algemene bestuur vir die Apteker	
Module-uitkomst:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • te reflekteer oor die algemene bestuursbeginsels vanuit 'n organisatoriese perspektief; • kommentaar te lewer oor verskeie temas en filosofieë wat onderliggend is tot die ontwikkeling en geskiedenis van bestuur en om dit dan toe te pas in die konteks van die moderne praktyk; • die professionele vaardighede wat benodig word vir probleemoplossing van die bestuurders te kan evalueer; 	

	<ul style="list-style-type: none"> • die BOLB (beplanning, organisering, leierskap en beheer) bestuurssegmente wat benodig word vir probleemoplossing en skepping van kreatiewe geleentheid in die apteekomgewing te kan beskryf; • identifiseer hedendaagse elemente wat 'n invloed mag hê op verskeie aspekte van 'n apteek bestuur asook die farmaseutiese professie, en • die etiese aspekte van operasionele bestuur by wyse van mondelinge en geskrewe kommunikasie te kan hanteer.
Metode van aflewering:	Voltyds
Assesseringsmetodes:	Pk 1x2 uur 1 : 1

Modulekode: FPKG425 (Faseer in in 2013)	Semester 2	NKR-Vlak: 7(8) Krediete: 16
Titel:	Farmasiepraktyk V	
Module-uitkomste:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • 'n omvattende oorsigtelike kennis te hê van mensehulp-bronbestuur binne die konteks van Arbeidswetgewing in SA; • oor die vaardigheid beskik om die onderlinge verband tussen die verskillende aspekte van mensehulpbronbestuur aan te dui; • oor die bevoegdheid beskik om scenarios te interpreteer en oplossings vir praktykprobleme voor te stel; • eties korrek, vanuit 'n suiwer en gevestigde waardesisteem, leiding te neem van en deel te neem in 'n werkspan; • na te dink oor die algemene bestuursbeginsels vanuit 'n organisasieperspektief • kommentaar te lewer oor die verskeie temas en filosofieë onderliggend aan die ontwikkeling en geskiedenis van bestuur en dit toe te pas op moderne praktyk; • die professionele vaardighede wat van bestuurders tydens probleemoplossing vereis word, te evalueer; • die basiese bestuursfunksies/pilare te identifiseer; • die B-O-L-B-segmente (Beplanning-Organisering-Leiding-Beheer) van bestuur te beskryf wat 'n bestuurder in 'n apteek in staat stel om probleme op te los en geleenthede te skep; • hedendaagse bestuurskwessies te identifiseer wat 'n invloed kan hê op verskeie aspekte van 'n apteek en die farmasieberoep; en • mondelings en skriftelik, alle bestuurswerkzaamhede eties reg te hanteer 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:	Pk 1x3 uur 1 : 1	

G.13.4.2.5 Kliniese Farmasie

Modulekode: FPFG311	Semester 1	NKR-Vlak: 6(7) Krediete: 16
Titel:	Kliniese Patologie	
Module-uitkomste:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • 'n afgeronde kennis van algemene patologiese prosesse, soos die akute en chroniese ontstekingsreaksies, hipersensitiwiteitsreaksies, sirkulasieversteurings en sellulêre reaksies op beserings te kan demonstreer deur dit in probleemoplossing te kan toepas; • 'n afgeronde kennis van patologiese prosesse van spesifieke siektetoestande van verskillende orgaanstelsels te kan demonstreer deur dit in gevalle studies te kan toepas; • bewys te kan lewer van 'n afgeronde kennis van menslike mikro- en makro- anatomie en dit met vertrouwe in analises en evaluerings van scenario's en feitestelle te kan gebruik; • siektetoestande en afwykings wat algemeen voorkom te kan herken en te kan hanteer; • suksesvol aan groepwerk te kan deelneem en self ook leiding te kan neem; • inligting te kan inwin, te verifieer en in samehangende verslagvorm te kan vervat en aan 'n gehoor met die gebruik van IT toerusting te kan kommunikeer; • vanuit 'n gevestigde waardesisteem eties korrek te kan optree; • gereed te wees om die normaal en abnormaal van die menslike liggaam en sy stelsels met mekaar te kan vergelyk. 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:	Pk 1x3 uur 1 : 1	

Modulekode: FPFG321	Semester 2	NKR-Vlak: 6(7) Krediete: 16
Titel:	Gesondheidskunde	
Module-uitkomste:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • oor 'n afgeronde kennis te beskik van die siektetoestande en die identifiserende/tiperende simptome van die siektetoestande kan demonstreer en die belang daarvan vir die praktiserende apteker te kan weergee; • die etiologie (oorsake) van siektetoestande ken; • vaardig wees om 'n pasiëntgeskiedenis sodanig te kan neem dat hierdie proses doelgerig afstem op die maak van 'n differensiële diagnose en die aanbeveling van 'n behandelingsregime; • pasiënte met respek en menswaardigheid te hanteer; • kan aantoon dat u vanuit 'n gevestigde en suiwer etiese 	

	<p>grondslag optree;</p> <ul style="list-style-type: none"> • bevoeg wees om toepaslike praktiese pasiëntadvies te kan verskaf, wat insluit advies oor die siektetoestand, en die korrekte en veilige gebruik van medisyne verskaf en met empatie te kommunikeer.
Metode van aflewering:	Voltyds
Assesseringsmetodes:	Pk 1x3 uur 1 : 1

Modulekode: FPFG411 (Faseer in in 2013)	Semester 1	NKR-Vlak: 7(8) Krediete: 8
Titel:	Kliniese Farmasie I	
Module-uitkomste:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • kennis te dra van die teorie en filosofie van farmaseutiese sorg; • 'n farmaseutiese sorgplan vir 'n pasiënt kan ontwikkel; • oor kennis en vaardighede beskik in die uitvoer van siftingstoetse (urine-analise, bloedtoetse, cholesteroltoetse, bloeddrukbeplanning en longfunksie toetse), asook die implementering van primêre sorg siftingstoetse en moniteringsdienste in 'n apteek; • basiese laboratoriumtoetse kan interpreteer en • fisiese ondersoeke op primêre gesondheidsorgvlak kan uitvoer wat ondersoeke van die neurologiese stelsel, borskas, abdomen, oë, mondholte, oor, neus en keel insluit. 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:	Pk 1x2 uur 1 : 1	

Modulekode: FPFG422 (Faseer uit in 2012)	Semester 2	NKR-Vlak: 7(8) Krediete: 24
Titel:	Kliniese Farmasie	
Module-uitkomste:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Kennis oor die teorie en filosofie van farmaseutiese sorg te illustreer; • 'n Farmaseutiese sorgplan vir 'n individuele pasiënt ontwikkel; • Basiese laboratorium toetse kan interpreteer; • Dokumentering en interpretasie van 'n pasiënt se geskiedenis en/of anamnese klinies doen; • Kliniese siftingstoetse uitvoer, te interpreteer, en deur middel van akkurate kliniese oordeel die pasiënt adviseer en/of verwys na sekondêre gesondheidsorg; • Fisiese ondersoeke op primêre gesondheidsorg vlak uitvoer; • Vaardigheid kan demonstreer met die ondersoek van die neurologiese stelsel; borskas; abdomen; die oë; die 	

	<p>mondholte; die oor; neus en keel;</p> <ul style="list-style-type: none"> • Kennis en vaardighede van die inspuiting tegniek kan demonstreer; • Immunisering vaardighede en die kennis daarvan demonstreer; • Kennis en vaardighede demonstreer ten opsigte van die hantering en die behandeling van akute minder ernstige siektetoestande; • Geneesmiddelverwante probleme van 'n pasiënt identifiseer en die voorkoming van die probleme aanbeveel, asook om die pasiënt se kommer effektief hanteer deur bepaalde maatreëls te tref; • Die werking en nuwe-effekte van geneesmiddels antisipeer en aan 'n pasiënt verduidelik, asook die kontra-indikasies en die kliniese beginsels wat betrokke mag wees; • Toepaslike kennis van farmakologie integreer en op die vlak van primêre sorg toepas; • Insig demonstreer ten opsigte van die sorg en hantering van chroniese siekte-toestande; • Kennis en vaardighede demonstreer ten opsigte van die rasionele terapie van minder ernstige siektetoestande en die verwysing van ernstige siektetoestande of komplikasies na sekondêre gesondheidsorg; • Kennis demonstreer ten opsigte van die etiologie, simptome en tekens, en die behandeling van 'n reeks algemene siektetoestande wat insluit: Neurologiese ongesteldhede; oftalmiese ongesteldhede; siektes van die mondholte, oor neus en keel; boonste en onderste lugweg infeksies; kardiovaskulêre siektes; diabetes; muskulo-skeletale siektes; vel siektes; urienweg infeksies en seksueel oordraagbare siektes; • Suksesvol in groepsverband werk en self ook leiding kan neem; • Probleme oplos deur inligting in te win, te verifieer en samehangend in 'n verslag vervat en kommunikeer en • Vanuit 'n gevestigde waardesisteem eties korrek optree..
Metode van aflewering:	Voltyds
Assesseringsmetodes:	Pk 1x3 uur 1 : 1

Modulekode: FPFG423 (Faseer in in 2013)	Semester 2	NKR-Vlak: 7(8) Krediete: 16
Titel:	Kliniese Farmasie II	
Module-uitkomst:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • farmaseutiese sorg binne die bestek van die farmaseutiese professie te kan beoefen; • omvattende kennis van farmakologie en kliniese vaardighede kan integreer met nuwe kennis van farmakoterapie en sinvol in die praktyk kan toepas; 	

	<ul style="list-style-type: none"> dit behels kennis en vaardighede ten opsigte van die hantering van anafilakse, die inspuiting tegniek, die behandeling van minder ernstige siektetoestande en die verwysing van ernstige siektetoestande of komplikasies na sekondêre gesondheidsorg; kennis te dra van die etiologie, simptome en behandeling van 'n reeks algemene siektetoestande wat insluit: neurologiese ongesteldhede, oftalmiese ongesteldhede, siektes van die mondholte, boonste en onderste lugweg-infeksies, kardiovaskulêre siektes, gastroïntestinale siektes, diabetes, urienweg-infeksies, seksueel oordraagbare siektes, skelet- en gewrigsiektes, velsiektes, en siektes veroorsaak deur parasiete.
Metode van aflewering:	Voltyds
Assesseringsmetodes:	Pk 1x3 uur 1 : 1

G.13.4.3 SKOOL VIR FISILOGIE, VOEDING EN VERBRUIKERSWETENSAPPE

G.13.4.3.1 Fisiologie

Modulekode: FLGX113	Semester 1	NKR-Vlak: 5a(5) Krediete: 12
Titel:	Inleidende Fisiologie	
Module-uitkomst:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> oor basiese kennis ten opsigte van die strukturele en chemiese samestelling van die menslike liggaam, die selstruktuur, verskillende membraan transportsisteme, homeostatiese beheerstelsels, ensiemwerking, membraan-potensiale en sellulêre kommunikasie beskik as onderbou vir verdere studie in Fisiologie. Die student sal ook die relevante vakkundige terminologie ken en kan gebruik. 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:	PK 1 x 2 uur 1 : 1	

Modulekode: FLGX123	Semester 2	NKR-Vlak: 5a(5) Krediete: 12
Titel:	Membraan- en Spierfisiologie	
Module-uitkomst:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> grondige kennis te hê van die biofisiese (potensiaal-verskille, lading, stroomvloeï) en biochemiese karakter (chemiese samestelling van ionkanale, konformasieveranderinge van kanaalproteïene, ligand-reseptorinteraksies) van membraanfisiologie; 	

	<ul style="list-style-type: none"> • oor 'n grondige kennis beskik van die belang van membraanfisiologie in die beheer van fisiologiese funksies deur die verandering in membraan deurlaatbaarheid; • oor basiese kennis ten opsigte van sellulêre kommunikasie en informasie oordrag beskik as noodsaaklike onderbou vir verdere studie; • fundamentele kennis kan demonstree van die funksionele anatomie van spierweefsel, die molekulêre meganisme van kontraksie, die prosesse geassosieer met eksitasie-kontraksie koppeling en neuro-muskulêre aansluiting asook toepassings hiervan soos bv. voedselvergiftiging te kan bespreek; • die beginsels van spiermeganika te verstaan en kan toepas in die gebruik van bv oefenapparaat; • die energiemetabolisme van spierkontrakcie te kan beskryf en toepas in bv oefening; • te kan onderskei tussen skeletspier, gladdespier en hartsier en die praktiese nut van die verskille aantoon; • die beheer en koördinering van motoriese beweging kan bespreek en met effektiewe voorbeelde illustreer; • die vermoë demonstree om oorsake en gevolge van spierafwykings soos Myastenia Gravis, spierdistrofie, rigor mortis, hipertrofie en atrofie te identifiseer en te analiseer.
Metode van aflewering:	Voltyds
Assesseringsmetodes:	PK 1 x 2 uur 1 : 1

Modulekode: FLGX114	Semester 1	NKR-Vlak: 5a(5) Krediete: 12
Titel:	Inleidende Fisiologie vir BA en BSc Verbruikerswetenskappe	
Module-uitkomste:	Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om: <ul style="list-style-type: none"> • oor basiese kennis ten opsigte van die spysverteringskanaal, spysvertering, absorpsie en vertering, voeding en metabolisme, termoregulering, die urinestelsel, die vloeistof- en elektrolietbalans en sensoriese reseptore beskik; • die relevante vakkundige terminologie te ken en kan gebruik; • kennis te dra van die bronne waarin wetenskaplike inligting oor fisiologie verskyn; • die basiese kennis wat geleer word op die praktyk van u toekomstige beroep te kan toepas; • 'n eties verantwoordelike houding jeens die menslike fisiologie te demonstree. 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:	PK 1 x 2 uur 1 : 1	

Modulekode: FLGX124	Semester 2	NKR-Vlak: 5a(5) Krediete: 12
Titel:	Spierfisiologie vir BA	
Module-uitkomste:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • oor basiese kennis ten opsigte van die spierstelsel, sensuiewe voorsiening aan die spiere, werking van spiere, die hart en die respiratoriese stelsel te beskik; • die relevante vakkundige terminologie te ken en te kan gebruik; • die basiese kennis wat geleer word op die praktyk van 'n toekomstige beroep te kan toepas; • in staat te wees om wetenskaplike inligting oor fisiologie uit verskeie bronne te bekom; • bewus te wees van etiese aspekte in die menslike fisiologie. 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:	PK 1 x 2 uur 1 : 1	

Modulekode: FLGX213	Semester 1	NKR-Vlak: 5b(6) Krediete: 16
Titel:	Endokriene stelsel en Spysvertering	
Module-uitkomste:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • kennis van die eienskappe en funksionering van hormone en endokriene kliere te demonstreer; • insig te demonstreer in die chemiese klasse van hormone met voorbeelde en fisiologiese funksies van hormone in elke klas; • hormone as chemiese boodskappers in homeostatiese beheer-meganismes kan toepas; • 'n grondige kennis in hormoon sintese, sekresie en die beheer van sekresie, transport, metabolisme, meganismes van hormoonwerking, en die hipotalamus-hipofise beheer-sisteem kan demonstreer; • kennis van endokrinologie kan toepas om endokriene abnormaliteite soos onder andere diabetes mellitus en hipo- of hipertiroïdisme te kan verklaar; • fundamentele kennis van die funksionele anatomie, ontwerp, funksie en beheer (neuraal en hormonaal) van die spysverteringskanaal en geassosieerde organe te kan demonstreer; • oorsake en gevolge van afwykings van die spysverteringskanaal te identifiseer en te analiseer. 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:	PK 1 x 3 uur 1 : 1	

Modulekode: FLGX223	Semester 2	NKR-Vlak: 5b(6) Krediete: 8
Titel:	Fisiologiese verdedigingsmeganismes	
Module-uitkomste:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • die relevante vakkundige terminologie te ken en te gebruik, 'n grondige kennis van die verdedigingsmeganismes te openbaar wat insluit die rol van die vel as eerste verdedigingslinie, die nie-spesifieke en spesifieke verdedigingsmeganisme van die liggaam, asook hoe die liggaam die indringing van virusse en bakterieë, en ook die vorming van kankerselle beveg; • kennis te hê van koagulasie van bloed en die meganisme om bloedverlies te beperk (bloedverlies mag die liggaam se voortbestaan bedreig); • die waarde wat kennis van die fisiologiese verdedigingsmeganismes vir menslike gesondheid het te kan motiveer en die relevante fisiologiese verdedigingsmeganisme-probleme op 'n geïntegreerde wyse te kan beredeneer en op te los. 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:	PK 1 x 2 uur 1 : 1	

Modulekode: FLGX224	Semester 2	NKR-Vlak: 5b(6) Krediete: 8
Titel:	Metabolisme	
Module-uitkomste:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • die rol van Adenosientrifosfaat (ATP), energie bronne en metaboliese tempo te kan bespreek; • diagramme en skematiese voorstellings van die belangrikste metaboliese weë soos glikogenese, glikogenolise, glukose, Krebs-siklus en oksidatiewe fosforilering kan teken en verduidelik; • oor aspekte van koolhidraat-, lipied- en proteïen-metabolisme kan kommunikeer; • die eienskappe, oorsake en gevolge van metaboliese afwykings soos ketose en aterosklerose te kan bespreek. 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:	PK 1 x 2 uur 1 : 1	

Modulekode: FLGX312	Semester 1	NKR-Vlak: 6(7) Krediete: 8
Titel:	Uitskeiding	
Module-uitkomste:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • die fisiologiese anatomie van die nier te bespreek, kennis hê van die prosesse van urienvorming, die mikturisie refleks asook die samestelling van uriene; • kennis te hê van die niere se rol in die handhawing van 	

	<p>suur-basis ewewig (alkalose en asidose) in die liggaam, sowel as die handhawing van homeostase in die algemeen en hierdie kennis kan toepas om die rol van die nier in verskillende fisiologiese beheerprosesse te kan verduidelik;</p> <ul style="list-style-type: none"> ingelig te wees oor die rol wat die vel in sekretoriese funksies en homeostase speel.
Metode van aflewering:	Voltyds
Assesseringsmetodes:	PK 1 x 2 uur 1 : 1

Modulekode: FLGX313	Semester 1	NKR-Vlak: 6(7) Krediete: 8
Titel:	Respirasie	
Module-uitkomst:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> die rol van die longe in die handhawing van die interne omgewing van individuele selle en die liggaam verstaan; ventilasie van die longe te verstaan waar suurstof na die alveoli beweeg en koolsuurgas as metaboliese afvalprodukt verwyder word; kennis te hê van die uitruil van suurstof en koolsuurgas deur passiewe diffusie in die alveoli asook in die weefsel; die struktuur van hemoglobien, en die rol van hemoglobien in die transport van suurstof en koolsuurgas in die bloed te kan beskryf; van die kardiovaskulêre sisteem se rol moet kennis geneem word in die transport van die asemhalingsgasse na en van die weefsel; kennis te hê van hoe beheer van asemhaling plaasvind en hoe siektetoestande die respirasie sisteem beïnvloed; kennis hê van die long as teikenorgaan vir atmosferiese besoedelingstowwe. 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:	PK 1 x 2 uur 1 : 1	

Modulekode: FLGX314	Semester 1	NKR-Vlak: 6(7) Krediete: 16
Titel:	Kardiovaskulêre Fisiologie	
Module-uitkomst:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> wetenskaplike kennis en insig te demonstreer in die meganismes, funksies, fisiese eienskappe en geïntegreerde beheer van die kardiovaskulêre stelsel; die ontstaan van 'n elektriese impuls en die geleiding daarvan oor die hart te begryp en kan toepas; die gebeure tydens die kardiaal siklus kan weergee en kan toepas tydens bv. hartversaking en oefening; die mediese fisika van druk, vloei en weerstand verstaan; die mikrosirkulasie en die limfatiese sisteem kan bespreek en kan toepas in verskillende siektetoestande; 	

	<ul style="list-style-type: none"> • die vaskulêre vervormbaarheid en die funksies van die arteriële en veneuse sisteem kan bespreek; • kennis en insig in die geïntegreerde beheer van die kardiaale omset, veneuse terugkeer, bloeddruk en lokale bloedvloei kan demonstree; • die dominante rol van die nier in die langtermyn beheer van die arteriële bloeddruk kan kommunikeer en verskillende modelle van hipertensie kan uiteensit; • grafiese analise van hartfunksie kan uitvoer en prakties kan toepas; • kennis en insig toon in die koronêre sirkulasie en kan toepas in koronêre aandoenings; • die kennis bekom te kan toepas en integreer soos in sirkulatoriese skok, miokardiale infarksie en ander patologiese toestande; • die risikofaktore van kardiovaskulêre gesondheidsprobleme te kan identifiseer, oplos en/of voorkom.
Metode van aflewering:	Voltyds
Assesseringsmetodes:	PK 1 x 3 uur 1 : 1

Modulekode: FLGX325	Semester 2	NKR-Vlak: 6(7) Krediete: 16
Titel:	Neurofisiologie	
Module-uitkomste:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • kennis hê van die hoof funksies van die senuweestelsel naamlik sensoriese, motoriese en integrasie, insluitende neuronstruktuur en –funksie, impulsgeleiding, sinaps-werking; • oor grondige kennis van die werking van die sensoriese senuweestelsel beskik insluitende reseptorfunksie, somatiese sensasie (bv. pyn en pynhantering), sintuig-fisiologie (bv. oog, oor, smaak en reuk); • 'n grondige kennis van die ontvangs van en reaksie op sensoriese inligting hê om die werking van die motoriese stelsel insluitende die rugmurg, motoriese breinkorteks, serebellum en basale ganglia te verstaan; • hoër korteks funksionering as integrasie funksie van die senuweestelsel verstaan en ken, insluitende: dominante hemisfeer, verbale en nie-verbale intelligensie, gedrag- en motiveringsmeganismes, breinaktiwiteit, epilepsie en slaap; • die meganismes van die sintese en werking van die verskillende tipes neurotransmitters moet verstaan word om die neuropatologie van onder andere depressie, Tourette sindroom, Alzheimer se siekte, parkinsonisme, skizofrenie, disleksie, voedingsgedrag, alkohol en dwelmmisbruik op geheue verstaan; • die struktuur en integrasie van die outonome senuweestelsel met die limbiese stelsel en die rol daarvan in reaksies soos die stresreaksie verstaan; 	

	<ul style="list-style-type: none"> 'n deeglike kennis word verwag van breinmetabolisme en serebrospinale vloeistofsisteem asook die belangrikheid van voeding en skedeltrauma op die brein.
Metode van aflewering:	Voltyds
Assesseringsmetodes:	PK 1 x 3 uur 1 : 1

Modulekode: FLGX326	Semester 2	NKR-Vlak: 6(7) Krediete: 16
Titel:	Voortplanting en Omgewingsfisiologie	
Module-uitkomste:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> grondige kennis hê ten opsigte van die struktuur en funksie van die manlike en vroulike geslagstelsels asook die endokriene beheer van die geslagsfunksies; oor kennis beskik van patologiese toestande van die geslagstelsels soos onvrugbaarheid en geslagsoordraagbare siektes; grondige kennis beskik van die proses van bevrugting, fisiologies aanpassings van die moeder tydens swangerskap en die fisiologies aanpassings van die pasgebore baba; oor kennis beskik van die fisiologiese veranderinge wat intree tydens puberteit en menopouse; oor grondige kennis van die menslike fisiologiese reaksies en adaptasie teenoor verskeie omgewingsfaktore beskik. Die omgewingsfaktore sluit in stres, rook, ultraviolet straling, geraas, temperatuur en omgewingsdruk; oor kennis beskik in verband met rookverwante en alkoholverwante patologie, die effek van hoë en lae omgewingstemperatuur op die liggaam en verwante patologie, geraasverwante patologie asook die adaptasie van die liggaam aan hoë en lae omgewingsdruk. 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:	PK 1 x 3 uur 1 : 1	

Modulekode: FLPX112	Semester 1	NKR-Vlak: 5a(5) Krediete: 12
Titel:	Fisiologie vir Farmasie en Verpleegkunde A	
Module-uitkomste:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> die basiese selfunksies: selstruktuur, proteïenaktiwiteit en beweging van molekules oor selmembrane te kan beskryf asook homeostatiese meganismes; 'n grondige kennis hê van sellulêre kommunikasie, senuwee beheersisteme en sensoriese stelsels 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:	PK 1 x 2 uur 1 : 1	

Modulekode: FLPX122	Semester 2	NKR-Vlak: 5a(5) Krediete: 12
Titel:	Fisiologie vir Farmasie en Verpleegkunde B	
Module-uitkomste:	Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om: <ul style="list-style-type: none"> • 'n grondige kennis te hê van hormonale beheersisteme, asemhalingsfisiologie (respirasie), fisiologie van die spysverteringskanaal, spierfisiologie en voortplantingsfisiologie; • die relevante vakkundige terminologie ken en kan gebruik. Kennis hê van algemene siekte toestande wat geassosieer word met bogenoemde orgaanstelsels. 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:	PK 1 x 2 uur 1 : 1	

Modulekode: FLPX221	Semester 2	NKR-Vlak: 5b(6) Krediete: 8
Titel:	Fisiologie vir Farmasie en Verpleegkunde C	
Module-uitkomste:	Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om: <ul style="list-style-type: none"> • 'n grondige kennis hê van die kardiovaskulêre stelsel, nierfisiologie en immunologie; • die relevante vakkundige terminologie ken en kan gebruik. Kennis hê van algemene siekte toestande wat geassosieer word met bogenoemde orgaanstelsels. 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:	PK 1 x 2 uur 1 : 1	

G.13.4.3.2 Dieetkunde / Voedingkunde

G.13.4.3.2.1 Anatomie

Modulekode: ANAS122	Semester 2	NKR-Vlak: 5a(5) Krediete: 12
Titel:	Sistemiese anatomie	
Module-uitkomste:	Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om: <ul style="list-style-type: none"> • die makro-anatomie van die kardiopulmonale stelsel, gastrointestinale stelsel, urogenitale stelsel en sentrale senuwee-stelsel aan die hand van gevallestudies te bespreek ten einde kennis en begrip van die fundamentele rol van sistemiese anatomie in die Gesondheidswetenskappe te demonstreer sodat gesondheid bevorder, instandgehou en herstel kan word. 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:	Pk 1 x 3 uur 1 : 1	

G.13.4.3.2.2 Gesondheidsbevordering

Modulekode: VPGR211	Semester 1	NKR-Vlak: 5b(6) Krediete: 8
Titel:	Inleiding tot primêre gesondheidsorg	
Module-uitkomste:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • 'n oorsig kan gee oor die gesondheidsdienste in Suid-Afrika, met verwysing na primêre gesondheidsorg, en dit krities kan evalueer; • op grond van die basiese beginsels en komponente van primêre gesondheidsorg binne die wetlike, etiese en sosiokulturele raamwerk aktief aan gemeenskapsprogramme en gesondheidsdienste kan deelneem; • die wetenskaplike benadering van verpleging met betrekking tot omgewingsgesondheid binne die Teorie van die Hele Mens kan implementeer, met die nodige oorweging aan die ekologiese en voorkomende, bevorderings- en rehabiliteringsdimensies, terwyl jy die hoogste standaard gesondheidsorg verskaf om die gesondheid van individue, gesinne en groepe in die gemeenskap te herstel; • kan funksioneer as lid van 'n gesondheidsorgspan wat by gemeenskapsgesondheid betrokke is, terwyl jy 'n bewuste begrip van jou rol en funksies, verantwoordelikhede en aanspreeklikheid as 'n verpleegkundige in die dissipline van gemeenskapsgesondheid en die oorkoepelende gesondheidstelsel toon; en • die wetenskaplike proses van verpleging kan toepas ten einde 'n kultureel-kongruente oorkoepelende primêre gesondheidsorgdiens aan die moeder en kind, vanaf geboorte tot adolessensie, te verskaf. 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:		

G.13.4.3.2.3 Terapeutiese Voeding

Modulekode: VTRP321	Semester 2	NKR-Vlak: 6(7) Krediete: 24
Titel:	Terapeutiese voeding	
Module-uitkomste:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • afgeronde kennis te hê oor alle aspekte rakende spesifieke siektetoestande met dieetimplikasies; • gevallestudies te kan ontleed om jou kundigheid ten opsigte van voedingsondersteuning, trauma, en die verband tussen siektetoestande en nutriëntinteraksies teoreties en prakties te demonstreer; • voedingsorgplan vir die monitering en/of herstel van 	

	<p>relevante siektetoestande op te stel of aan te pas en die waarde daarvan te kan motiveer en evalueer;</p> <ul style="list-style-type: none"> op 'n eties verantwoorde en professionele wyse op alle vlakke van funksionering met siek en gesonde pasiënte/kliënte te kan kommunikeer en hul behandel.
Metode van aflewering:	Voltyds
Assesseringsmetodes:	Pk 1 x 3 uur 1 : 1

Modulekode: VTRP471	Semester 1 & 2	NKR-Vlak: 7(8) Krediete: 40
Titel:	Toegepaste terapeutiese voeding	
Module-uitkomste:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> kundig te wees oor die aard, etiologie, simptome, kliniese beeld, patologie, diagnose en die medikasie van spesifieke siektetoestande met dieetimplikasies; gevallestudies te kan ontleed ten einde kundigheid ten opsigte van die verband tussen siektetoestande van die verskillende organe, immuunsisteem en nutriëntinteraksies; wysig of vervang 'n nutriënt bestuursplan vir die monitoring en/of herstel van relevante siektetoestande in die hospitaal asook gemeenskap; die waarde van die spesiaal aangepaste dieet vir die prognose en herstel van spesifieke siektetoestande, te kan motiveer en evalueer; vaardighede en bevoegdhede betreffende die beginsels, praktyk en evaluering van diëte vir paediatriese pasiënte te toon. 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:	Pk 1 x 3 uur 1 : 1	

G.13.4.3.2.4 Voeding

Modulekode: HOBR615	Semester 2	NKR-Vlak: Krediete: 32
Titel:	Beleidsanalise en projekbestuur	
Module-uitkomste:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> Understand what Public Policy is all about and demonstrate a critical and creative approach towards it; Discuss the theory and practice of Public Policy at the level of maturity as an Honours candidate; Know what the primary objective of public management and governance, as functional activity of Public Management and Administration entails; Understand public policy and the statutory framework that must accommodate the implementation of public policy; Understand the role of the community in the policy-making 	

kan demonstreer; (3) die beplanning van 'n groepwerkprojek (met inagneming van sekere tipes gedragswyses volgens die beplanningsproses) te kan uitvoer; (4) 'n groepwerkprojek te kan evalueer; (5) praktikum in maatskaplike groepwerk te kan doen en verslae daaroor te kan skryf; en (6) vanuit 'n gevestigde waardesisteem te kan redeneer.

MWKG332: GESINSGESENTREERDE INTERVENSIES: VOORKOMING EN BEMAGTIGING

Pk 1 x 2 uur 1 : 1

Die student sal in staat wees om: die funksies van die gesin binne Suid-Afrikaanse konteks te verduidelik; die gesin op mikro en makro vlak te analiseer; die gesin in al sy vorme, insluitende rolle en die lewensiklus, te verduidelik; bestaande huweliksvoorbereiding en –verrykingsprogramme aan te bied en nuwe programme vir hierdie doel te ontwikkel; bestaande ouerskapsvaardigheidsprogramme aan die bied en nuwe programme vir hierdie doel te ontwikkel en; bestaande gesinsverrykings- en bemagtigingsprogramme aan te bied en nuwe programme vir hierdie doel te ontwikkel.

MWKG342: DIE TOEPASSING VAN GEMEENSKAPSWERK EN GEMEENSKAP-ONTWIKKELING

Pk 1 x 2 uur 1 : 1

Die student sal in staat wees om: die aard en inhoud van gemeenskapswerk se praktykmodelle te verstaan en te verduidelik; 'n onderskeid te kan tref tussen maatskaplike gemeenskaps-ontwikkeling, maatskaplike beplanning, gemeenskapsopvoeding, maatskaplike bemerking en maatskaplike aksie; die tegnieke en hulpmiddels wat vir die toepassing van elk van die modelle nodig is te selekteer en te gebruik; 'n toepaslike program en projekte vir 'n gegewe praktyksituasie te kan beplan; en die program/projekte prakties toe te pas.

MWKG362: CHEMIESE AFHANKLIKHEIDSGESENTREERDE INTERVENSIES

Pk 1 x 2 uur 1 : 1

Die student sal in staat wees om: chemiese afhanklikheid as universele probleem binne die Suid-Afrikaanse konteks te kan omskryf; 'n onderskeid te kan tref tussen substansgebruik en –misbruik; die psigo-sosiale gevolge van chemiese afhanklikheid kan identifiseer; vakkundige dienste kan lewer in terme van voorkoming, vroeë intervensie, behandeling en rehabilitasie; dienste kan lewer aan die naasbestaendes van chemies-afhanklikes; en bestaande dienste en fasiliteite in die gemeenskap kan identifiseer, ontgin en benut in die belang van chemies-afhanklikes en hulle naasbestaendes.

MWKG363: JEUGGESENTEERDE INTERVENSIES

Pk 1 x 2 uur 1 : 1

Die student sal in staat wees om: jeugdiges op te lei in die ontwikkeling van lewensvaardighede; terapeutiese intervensie ten opsigte van problematiek by jeugdiges te lewer en kapasiteitsbouprogramme ten opsigte van jeugdiges te ontwikkel.

MWKG411: FORENSIESE MAATSKAPLIKE WERK

Pk 1 x 2 uur 1 : 1

Die student sal in staat wees om: die verband tussen forensiese en statutêre maatskaplike werk te verduidelik; die ondersoek en assessering van 'n individu te doen en op grond daarvan 'n verslag vir die hof voor te berei; deskundige getuienis aan 'n hof te lewer en 'n professionele mening uit te spreek; en aanbevelings aan howe te maak ingevolge die

Strafproseswet, Wet 51 van 1977 (soos gewysig), Die Kinderwet, Wet 74 van 1983, Wet 20 van 1992 en die Egskeidingswet, Wet 24 van 1987.

MWKG431: PRAKTYKNAVORSING IN MAATSKAPLIKE WERK

Pk 1 x 2 uur 1 : 1

Die student sal in staat wees om: die konteks en praktyk van maatskaplikewerk-navorsing te verstaan; die navorsingsproses, insluitende die voorondersoek, steekproeftrekking, die voorstelling van data, die navorsingsontwerp en prosedures, en die navorsingsverslag, te begryp; en die prosedures van die maatskaplikewerk-navorsing uit te voer.

MWKG433: PRAKTYKBESTUUR IN MAATSKAPLIKE WERK

Pk 1 x 2 uur 1 : 1

Die student sal in staat wees om: praktykbestuur te definieer; die verantwoordelikhede van die praktykbestuurder te beskryf; die vaardighede waarvoor 'n praktykbestuurder moet beskik te illustreer en toe te pas; die konteks waarbinne praktykbestuur toegepas word, te beskryf en; die aard van die multi-professionele span te definieer en te beskryf; en supervisie as essensiële proses in maatskaplike werk te kan definieer en beskryf.

MWKG434: GESINSGESENTREERDE INTERVENSIES: TERAPIE EN BERAAD

Pk 1 x 2 uur 1 : 1

Die student sal in staat wees om: 'n breë raamwerk te gee van die diversiteit waarbinne dienste gelewer word; die terapeutiese proses in huweliks- en gesinsterapie te verduidelik; die etiese vraagstukke en dilemmas wat binne 'n terapeutiese verhouding kan ontstaan, te bespreek; aan te dui hoe die lewensiklus 'n invloed het op die verskillende stadiums van die huwelik; kommunikasieprobleme en konflik as struikelblokke binne die huwelik te identifiseer en te bespreek en ook om die verskillende vorme van effektiewe kommunikasie te kan verduidelik en; egskeidingsberading, hertrouberading en mediasie toe te pas..

MWKG435: DIVERSITEIT IN PROFESSIONELE PRAKTYK

Pk 1 x 2 uur 1:1

Die student sal in staat wees om: met selfkennis en 'n openheid teenoor 'n diverse kliëntsisteem op te tree: teoretiese kennis rakende diversiteit in die praktyk toe te pas; kritiese samelewings kwessies soos diskriminasie en die instandhouding daarvan uit te wys en te bevog; etiese beginsels toe te pas en met waardigheid teenoor die totale kliëntsisteem op te tree.

MWKG441: MAATSKAPLIKE WELSYNSBELEID

Pk 1 x 2 uur 1 : 1

Die student sal in staat wees om: die verskillende komponente van die makro maatskaplikewelsynsbeleid en -struktuur te kan onderskei; dit in die maatskaplikewerk-praktyk tot voordeel van die mens en samelewing te benut en te beïnvloed; kennis en insig te demonstreer oor die aard en konteks van die voormalige en huidige Suid-Afrikaanse welsynsisteem; welsynsbeleid te ontleed en te evalueer; as landsburger en professionele persoon deel te neem aan die plaaslike en nasionale gemeenskap wat veral welsynsaangeleenthede betref; kennis selfstandig te kan verwerf, beheers, toepas, analiseer, integreer en gefundeerd kan evalueer; kennis oor welsynsbeleid wetenskaplik te kan kommunikeer en daarvoor te kan lees-, skryf-, praat- en argumenteer; 'n eie denkraamwerk oor welsynsbeleid in Suid-Afrika te verwoord en te verantwoord met verwysing na die Christelike

en ander lewensbeskouings; in 'n groep te kan saamwerk en 'n leiersrol te kan vertolk; op 'n kritiese en kreatiewe wyse proleemoplossing aan die hand te kan doen.

MWKG442: KINDGESENTREERDE INTERVENSIË

Pk 1 x 2 uur 1 : 1

Die student sal in staat wees om: 'n verhouding met 'n kind as kliënt op 'n gevorderde vlak op te bou en terapeutiese vaardighede op 'n gevorderde vlak aan te wend.

MWKG444: GESONDHEIDS- EN AANVERWANTE DIENSLEWERING

Pk 1 x 2 uur 1 : 1

Die student sal in staat wees om: die verskillende werkterreine van gesondheidsorg en aanverwante dienslewering af te baken; die maatskaplikewerk-proses op die terreine van geneeskundige maatskaplike werk (soos MIV/VIGS, aborsieberaad en sterwens/rousmart-begeleiding) toe te pas, en die toepassing van psigiatrisie maatskaplike werk en die maatskaplikewerk-proses op die terrein van gestremdesorg en die hantering van persone met psigiese stremminge te verduidelik.

MWKG446: BENADERINGS, PERSPEKTIEWE EN TEORIEË IN MAATSKAPLIKE WERK

Pk 1 x 2 uur 1 : 1

Die student sal in staat wees om: die kennisbasis van maatskaplikewerk-praktyk te verduidelik en te verdedig; 'n onderskeid tussen die verskillende benaderings van en vir maatskaplike werk te tref en die waarde van elkeen te asesseeer; en te motiveer hoe elkeen van die benaderings in maatskaplike werk benut kan word.

MWKG461: TOEGEPASTE MAATSKAPLIKEWERKNAVORSING

Pk Nvt 100%

Die student sal in staat wees om: die vereistes van 'n navorsingswerkstuk te begryp; die inhoud en belangrikheid van 'n hoofstuk een te verstaan; die inhoudelike van 'n navorsingswerkstuk te begryp; die aard van studieleiding te begryp en dit optimaal te benut; die toepaslike literatuur met empiriese data in verband te bring en dit te integreer; en die resultate van die ondersoek skriftelik weer te gee.

MWKG462: PROFESSIONELE AFRONDING

Pk 1 x 2 uur 1 : 1

Die student sal in staat wees om: aan die vereistes van die SARMD te voldoen; professioneel-etiese oordeel aan die dag te lê; netwerke op te bou en binne 'n span te kan saamwerk; die visie, missie en werksaamhede van 'n beroepsvereniging, asook die rol van vakbonde en professionele versekering te begryp; die aansoek om 'n betrekking (insluitende die samestelling van 'n curriculum vitae) en die indiensnemingsproses te hanteer; jou persoonlike behoeftes vir inskakeling in 'n nuwe gemeenskap en werksmilieu te identifiseer; supervisie sinvol te kan benut; met die nodige professionaliteit binne 'n nuwe werksmilieu te kan funksioneer; en die kwaliteit van jou professionele mondering tydens 'n mondeling te kan bewys.

MWKG471: MINI-INTERNSKAP

Pk Nvt 100%

Die student sal in staat wees om: die algemene praktykvereistes wat deur die Universiteit en die praktykorganisasies gestel word, te verstaan en na te kom; die praktykorganisasie by wie die mini-internskap gedoen word en die gemeenskapskonteks waarbinne dit funksioneer, te leer ken, te verstaan en te benut; die benodigde maatskaplikewerk-dienste aan die individu te kan lewer; die benodigde maatskaplike groepwerkdienste te kan lewer; die benodigde gemeenskapswerk en gemeenskapsontwikkelingsdienste te kan lewer; die benodigde praktykbestuursvaardighede toe te pas; 'n navorsingsvoorstel saam te stel; kommunikasievaardighede te bemeester; insig te toon in die hulpbronne ten opsigte van bestaansbeveiliging; insig te toon in statutêre beleid en take asook toepaslike vorms wat voltooi moet word; en insig te toon in die vereistes ten opsigte van persoonlike ontwikkeling.

G.13.4.4.1.2 Nuwe programbelynde modules

Modulekode: BSWG111	Semester 1	NKR-Vlak: 5a(5) Krediete: 12
Titel:	Inleiding tot maatskaplike werk as 'n professie	
Module-uitkomste:	Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om kennis en begrip te demonstreer: <ul style="list-style-type: none"> • van maatskaplike werk as 'n professie; • die verband tussen maatskaplike werk en maatskaplike welsyn; • die verwantskap tussen maatskaplike werk en ander dissiplines; die intervensiemetodes van maatskaplike werk; en die maatskaplike diensleweringstelsel. 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:	PK 1 x 2 uur 1:1	

Modulekode: BSWG112	Semester 1	NKR-Vlak: 5a(5) Krediete: 12
Titel:	Menslike gedrag in die maatskaplike omgewing oor die lewensverloop	
Module-uitkomste:	Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om: <ul style="list-style-type: none"> • kennis en begrip te demonstreer van die normale/gesonde maatskaplike ontwikkeling van die mens oor sy/haar lewensverloop; • sy/haar kennis en begrip te kan demonstreer in die verskil tussen normale/gesonde en abnormale/ongesonde maatskaplike ontwikkeling; • kennis en begrip demonstreer van die maatskaplike omstandighede wat 'n bydrae lewer tot en 'n invloed uitoefen op menslike funksionering. 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:	PK 1 x 2 uur 1:1	

Modulekode: BSWG113	Semester 1	NKR-Vlak: 5a(5) Krediete: 12
Titel:	Inleiding tot professionele gedrag	
Module-uitkomste:	Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om: <ul style="list-style-type: none"> • kennis en begrip van die fasiliterende kwaliteite en eienskappe van professionaliteit in maatskaplike werk te demonstreer; • bedreweheid in die toepassing van basiese interpersoonlike vaardighede in onderhoudsvoering openbaar. 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:	PK 1 x 2 uur 1:1	

Modulekode: BSWG121	Semester 2	NKR-Vlak: 5a(5) Krediete: 12
Titel:	Lewensvaardighede en berading	
Module-uitkomste:	Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om: <ul style="list-style-type: none"> • kennis en begrip van lewensvaardighede as 'n primêre, sekondêre en tersiêre voorkomingsmeganisme te demonstreer; • bedreweheid in die ontwerp en implementering van lewensvaardighedsprogramme te openbaar. 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:	PK 1 x 2 uur 1:1	

Modulekode: BSWG122	Semester 2	NKR-Vlak: 5a(5) Krediete: 12
Titel:	Die wese van maatskaplike ontwikkeling	
Module-uitkomste:	Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om: <ul style="list-style-type: none"> • kennis en begrip te demonstreer van maatskaplike ontwikkeling as 'n benadering in maatskaplike werk; • te kan beskryf hoe maatskaplike ontwikkeling deur maatskaplike werk tot stand kom; • die aard van maatskaplike ontwikkelingsdienste in Suid-Afrika kan verduidelik. 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:	PK 1 x 2 uur 1:1	

Modulekode: BSWG211	Semester 1	NKR-Vlak: 5b(6) Krediete: 12
Titel:	Maatskaplike gevallewerk: teorie en praktyk	
Module-uitkomste:	Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om: <ul style="list-style-type: none"> • kennis en begrip van die aard van gevallewerk as metode in maatskaplike werk kan demonstreer; • kennis en begrip van individuele- en gesinsintervensie- 	

	<p>prosesse kan demonstreer;</p> <ul style="list-style-type: none"> • kennis en begrip van onderhoudsvoering, sowel as van die vermoë om vir die onderhoud voor te berei, kan demonstreer; • oor die vermoë beskik om die waardes, etiese beginsels en wettike verpligtinge verbonde aan maatskaplike gevallewerk toe te pas; • oor die vermoë beskik om professionele gedrag, soos bepaal deur die etiese kode vir Suid-Afrikaanse maatskaplike werkers, te evalueer; • oor die vermoë beskik om etiese besluite te neem en sy/haar keuses te motiveer; • oor die vermoë beskik om maatskaplike gevallewerk-verslae te kan skryf.
Metode van aflewering:	Voltyds
Assesseringsmetodes:	

Modulekode: BSWG212	Semester 1	NKR-Vlak: 5b(6) Krediete: 8
Titel:	Kindersorgwetgewing en verbandhoudende maatskaplikewerk-intervensies	
Module-uitkomste:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • kan onderskei tussen die voorkomende kindgesentreerde dienste, vroeë intervensie-strategieë, statutêre dienslewering en 'n kontinuum van maatskaplikewerk-dienste wat in Suid Afrika aan kinders gelewer word; • dienste en operasionele strategieë vir kinders en jeugdige in die gemeenskap kan identifiseer, analiseer en beskryf en dit in belang van kinders en jeugdige in die praktyk aan kan wend; en • kennis en begrip kan demonstreer oor hoe om kinders volgens bepaalde wetgewing, etiese optrede, waardes en norme te beskerm en om dienste te beplan wat spesifiek op hulle behoeftes afgestem is 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:		

Modulekode: BSWG213	Semester 1	NKR-Vlak: 5b(6) Krediete: 8
Titel:	Inleiding tot maatskaplike beleid, maatskaplike welsynsbeleid en maatskaplikewerkbeleid	
Module-uitkomste:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • begrip van die sleutelemente, funksies, beginsels en die ontwikkeling van maatskaplike welsynsbeleid en die rol van die maatskaplike werker kan demonstreer; • begrip van die Suid-Afrikaanse welsynsisteem kan demonstreer 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:		

Modulekode: BSWG221	Semester 2	NKR-Vlak: 5b(6) Krediete: 8
Titel:	Maatskaplike groepwerk as 'n metode: teorie en praktyk	
Module-uitkomste:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • insig kan demonstreeer van die rol van maatskaplike groepwerk as een van die metodes van maatskaplike werk; • die groep as 'n holistiese sisteem kan verstaan; • die waardes en beginsels van maatskaplike groepwerk kan identifiseer en demonstreeer hoe hierdie waardes en beginsels in die praktyk toegepas kan word; • die verskillende soorte groepe in maatskaplike groepwerk kan evalueer; • die verskillende take in die beplanning van maatskaplike groepwerk kan identifiseer; • tussen die verskillende fases van die maatskaplike groepwerkproses en die rolle van die maatskaplike werker tydens elkeen, kan onderskei (horisontale en vertikale benadering) • hierdie fases tydens dienslewering aan 'n groep kan implementeer; • 'n voorstel kan skryf waardeur 'n instansie oorreed word van die behoefte aan 'n groepwerk groep. 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:		

Modulekode: BSWG222	Semester 2	NKR-Vlak: 5b(6) Krediete: 8
Titel:	Gemeenskapswerk as 'n metode: teorie en praktyk	
Module-uitkomste:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • sy/haar kennis van die aard en konteks van gemeenskapswerk en gemeenskapsontwikkeling kan <i>demonstreeer</i>, • vir hom/haarself 'n persoonlike dienslewering credo – wat gebaseer is op die etiese beginsels van maatskaplike werk – <i>kan formuleer</i>, • bepaalde gemeenskapswerkverwante vaardighede – wat insluit om in groepe saam te werk, praktyksituasies krities te analiseer, gedagtes skriftelik te formuleer en openbare voordragte kan maak – <i>toe kan pas</i> en • vorige toepassings van die gemeenskapsopvoedingsmodel van gemeenskapswerk <i>kan evalueer</i> en aan die hand daarvan, asook sy/haar nuut verworwe kennis en insig, riglyne vir die verbeterde toepassing daarvan <i>kan formuleer</i>. 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:		

Modulekode: BSWG223	Semester 2	NKR-Vlak: 5b(6) Krediete: 8
Titel:	Basiese beginsels van maatskaplikewerkbestuur	
Module-uitkomste:	Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om: <ul style="list-style-type: none"> • deeglike kennis van die bestuursproses kan demonstreer; • bestuurstrategieë effektief kan selekteer en toepas; en • die rolle en funksies van bestuur kan toepas 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:		

Modulekode: BSWG224	Semester 2	NKR-Vlak: 5b(6) Krediete: 8
Titel:	Menseregte en maatskaplike geregtigheid	
Module-uitkomste:	Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om: <ul style="list-style-type: none"> • die konsep 'menseregte' kan verduidelik; • die konsepte 'maatskaplike geregtigheid' en 'maatskaplike ongeregtigheid' kan bespreek; • kan verduidelik hoe die doelstellings van maatskaplike werk binne die raamwerk van maatskaplike geregtigheid inpas; • die artikels toepaslik vir maatskaplike werk in die relevante Verenigde Nasies dokumentasie kan identifiseer; • die konsep van menseregte soos vervat in die Handves van Menseregte en beskryf in die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, in maatskaplike werk kan toepas; • die missie en funksies van die Menseregtekommissie kan beskryf. 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:		

Modulekode: BSWG311	Semester 1	NKR-Vlak: 6(7) Krediete: 8
Titel:	Benaderings, teorieë en modelle in maatskaplike werk	
Module-uitkomste:	Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om: <ul style="list-style-type: none"> • kan verduidelik hoe die kennisbasis van maatskaplike werk saamgestel is; • 'n goeie begrip van die kennisbasis van die verskillende benaderings en modelle in maatskaplike werk kan demonstreer; • kan onderskei tussen die verskillende soorte teorieë, modelle en benaderings in maatskaplike werk; • die teoretiese basis en aard van die sekere benaderings en modelle kan beskryf. 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:		

Modulekode: BSWG312	Semester 1	NKR-Vlak: 6(7) Krediete: 12
Titel:	Gevorderde maatskaplike gevallewerk: teorie en praktyk	
Module-uitkomste:	Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om: <ul style="list-style-type: none"> • weerstand by kliënte kan hanteer; • 'n ekosistemiese assessering van die kliënt en sy omgewing kan doen; • relevante tegnieke met individue en hul omgewings toe kan pas; • die evaluering- en assesseringsinstrumente in mikro-praktyk/kliniese maatskaplike werk kan gebruik; • die modelle en benaderings in sy praktyk kan toepas 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:		

Modulekode: BSWG313	Semester 1	NKR-Vlak: 6(7) Krediete: 12
Titel:	Gevorderde gemeenskapswerk: teorie en praktyk	
Module-uitkomste:	Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om: <ul style="list-style-type: none"> • sy/haar kennis en insig van die aard en veral toepassing van gemeenskapswerk en gemeenskapsontwikkeling <i>kan demonstreeer</i>; • bepaalde gemeenskapswerkverwante vaardighede <i>toe kan pas</i> – wat insluit om in groepe saam te werk, praktyksituasies krities te analiseer, beplande gemeenskapswerkoptrede skriftelik te formuleer en openbare voordragte kan maak; • een of meer van die vyf gemeenskapswerkmodelle (in die vorm van praktyknaboosings) <i>kan toepas</i>. 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:		

Modulekode: BSWG321	Semester 2	NKR-Vlak: 6(7) Krediete: 12
Titel:	Gevorderde maatskaplike groepwerk: teorie en praktyk	
Module-uitkomste:	Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om: <ul style="list-style-type: none"> • sy/haar bevoegdheid kan demonstreeer deur die verskillende modelle en teorieë in maatskaplike groepwerk van mekaar te onderskei, te evalueer en toe te pas; • maatskaplike groepwerk intervensies kan beplan en toepas; • die verskillende leierskapsrolle en vaardighede van die maatskaplike werker kan onderskei en in die praktyk kan toepas; • die vaardigheid kan demonstreeer om met verskillende tipes gedragswyses in 'n groep te handel; • kan demonstreeer hoe diversiteit in 'n groep hanteer sal 	

	word; <ul style="list-style-type: none"> die noodsaaklikheid van evaluering en meting in maatskaplike groepwerk kan bewys en 'n eie evalueringsraamwerk saam kan stel; 'n maatskaplike groepwerk projek kan evalueer; en 'n maatskaplike groepwerk projek van ses byeenkomste aan kan bied.
Metode van aflewering:	Voltyds
Assesseringsmetodes:	

Modulekode: BSWG322	Semester 2	NKR-Vlak: 6(7) Krediete: 16
Titel:	Maatskaplike werk met gesinne en kinders: konsepte en vaardighede vir effektiewe dienslewering	
Module-uitkomste:	Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om: <ul style="list-style-type: none"> die nodige vaardighede en tegnieke in huweliksbegeleiding en –berading kan identifiseer; 'n koherente en kritiese begrip van huweliksprobleme hê; 'n indiepte en sistematiese kennisbasis waarbinne met kinders gewerk word, kan formuleer en motiveer; die vereistes waaraan 'n maatskaplike werker wat met kinders werk moet beantwoord, kan verduidelik; die toepaslike vaardighede en tegnieke om kinders kan hanteer, te selekteer; en met sensitiwiteit en empatie teenoor kliënte kan optree. 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:		

Modulekode: BSWG323	Semester 2	NKR-Vlak: 6(7) Krediete: 12
Titel:	Gevorderde maatskaplike beleid, maatskaplike welsynsbeleid en maatskaplikewerkbeleid	
Module-uitkomste:	Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om: <ul style="list-style-type: none"> die voorsiening van welsynsdienste in Suid-Afrika krities kan beoordeel; maatskaplike bestaansbeveiliging in Suid-Afrika krities kan beoordeel; die huidige status en posisie van die maatskaplikewerk-professie binne die Suid-Afrikaanse konteks krities kan beoordeel. 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:		

Modulekode: BSWG411	Semester 1	NKR-Vlak: 7(8) Krediete: 16
Titel:	Misdaad en forensiese maatskaplike werk (PK & VDK)	
Module-uitkomste:	<p>Na voltooiing van die module behoort die student:</p> <ul style="list-style-type: none"> • die maatskaplike werker se plek in die reg en in die hof te verstaan en kan verduidelik; • die voordele van spesialis opleiding in maatskaplike werk kan bespreek; • die verskillende howe in Suid-Afrika kan bespreek en die hele hofsisteem en -prosedures kan verduidelik; • die hele verloop van die kriminele hof prosedure kan verduidelik; • die beginsels van bewysreg asook die vereistes van 'n deskundige in die hof kan bespreek en verduidelik; • die artikels van die Strafproseswet, Wet 51 van 1977 wat van toepassing is op die maatskaplike werker ken en kan toepas; • die verskillende strafteorieë en die verskillende strafvorme kan verduidelik; • egskeiding in Suid-Afrika, in samehang met die nodige wetgewing, in perspektief kan plaas; <p>• verskillende verslae (insluitende voorvonnisverslae; en ouerskapsplanne) aan die hof kan voorsien.</p>	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:		

Modulekode: BSWG413	Semester 1	NKR-Vlak: 7(8) Krediete: 8
Titel:	Maatskaplike werk in sekondêre opsette (PK & VDK)	
Module-uitkomste:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • die psigososiale aspekte van gesondheid, siekte en gestremdheid kan bespreek. • die emosionele reaksies van 'n gestremdheid kan bespreek. • die houding, waardes en etiek van gesondheidswerkers verstaan. • psigososiale probleme in geselekteerde gesondheids-toestande, siektes en gestremdhede kan bespreek. • die verskillende psigososiale intervensies kan bespreek. 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:		

Modulekode: BSWG414	Semester 1	NKR-Vlak: 7(8) Krediete: 8
Titel:	Maatskaplikewerkdienste aan spesifieke kliëntsisteme (PK & VDK)	
Module-uitkomste:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • die kenmerke en probleme van bejaardes kan identifiseer; • maatskaplike beleid en wetgewing rakende bejaardheid kan interpreteer; • beskikbare hulpmiddels, fasiliteite, dienste, programme en projekte rakende bejaardes kan identifiseer; • die verskynsel van MIV en Vigs verstaan; • die teorieë van MIV en Vigs kan beskryf; • die maatskaplike beleid en wetgewing rakende MIV en Vigs kan interpreteer; • die beskikbare hulpbronne, fasiliteite, dienste, programme en projekte rakende MIV en Vigs kan identifiseer; • armoede as universele verskynsel kan omlin en die teorieë onderliggend aan die verskynsel analiseer; • die oorsake en gevolge van armoede kan identifiseer en analiseer; • die maatskaplike beleid en wetgewing rakende armoede kan interpreteer; • beskikbare hulpbronne, fasiliteite, dienste, programme en projekte rakende armoede kan identifiseer; • die verskillende vorme van gestremdheid kan identifiseer; • die maatskaplike beleid en wetgewing wat op gestremdheid betrekking het, kan interpreteer; en • die beskikbare hulpbronne, fasiliteite, dienste, programme en projekte rakende gestremdheid kan identifiseer. 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:		

Modulekode: BSWG415	Semester 1	NKR-Vlak: 7(8) Krediete: 12
Titel:	Gesins- en kinderterapie	
Module-uitkomste:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • die konsep 'gesin' verstaan en sy/haar persoonlike en professionele waardes en etiese standaarde daaromtrent kan vorm. • die kompleksiteit waarbinne gesinne funksioneer kan bespreek. • die gesin binne die totale familiesisteem kan eksplorieer en assesseeer. • die gesinssisteem se funksionering kan analiseer en die gesin se sterktes en areas waar daar groei moet plaasvind, kan identifiseer • praktyk bewese ('evidence-based') gesinsintervensie kan selekteer en beplan • assessering en intervensie met mekaar in verband kan stel 	

	<ul style="list-style-type: none"> • die teoretiese perspektiewe waarbinne kinders hanteer word, kan evalueer en die toepaslikheid daarvan kan verduidelik. • die basis van speltherapie volgens die Gestalt en Rationele Emotiewe Terapie (RET) uiteen kan sit en kan verduidelik; • kan aandui hoe 'n terapeutiese verhouding met die kind, wat op bepaalde beginsels gebaseer is, geskep kan word; • die verskillende tegnieke/hulpmiddels van elke spelvorm kan verduidelik en elk in terme van die bruikbaarheid daarvan kan evalueer; • die ontwikkeling van fantasie by kinders en die doel daarvan kan verduidelik; • kan beskryf hoe die maatskaplike werker kommunikasie met die kind kan verbeter; • kan verduidelik hoe verlies en trauma die kind se gedrag kan affekteer, en oplossings daarvoor aan die hand doen; • die speltegnieke in assessering van seksueel misbruikte kinders kan verduidelik en aanwend; • die redes waarom kinders nie die seksuele misbruik aanmeld nie, kan verduidelik en te fasiliteer; • die probleme waarmee maatskaplike werkers wat met kinders werk te doen kry, kan beskryf en oorbrug.
Metode van aflewering:	Voltyds
Assesseringsmetodes:	

Modulekode: BSWG416	Semester 1	NKR-Vlak: 7(8) Krediete: 8
Titel:	Maatskaplikewerk-intervensies rakende substans misbruik en afhanklikheid	
Module-uitkomste:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • substansmisbruik as globale probleem, met spesifieke verwysing na die konteks van Afrika en die situasie in Suid-Afrika, verstaan; • die verskillende programme en strategieë van die privaat en openbare sektore verstaan en in die stryd teen substansmisbruik en –afhanklikheid kan benut; • kundigheid kan demonstreer rakende dienslewering aan verskillende slagoffers van substansmisbruik insluitende: alkoholiste, persone afhanklik van ander afhanklikheidsvormende stowwe, jeugdige, vroue en ouer persone; • 'n verskeidenheid van programme van 'n voorkomende aard kan beplan en professioneel uitvoer; • vroeë intervensie en ander vorme van behandeling van die slagoffers van substansmisbruik en hulle gesinne kan implementeer; • bestaande dienste en gemeenskapshulpbronne op 'n professionele wyse en in die beste belang van die slagoffer van substansmisbruik en hulle gesinne, kan identifiseer, eksplorieer en ontwikkel; 	

	<ul style="list-style-type: none"> • binne die waardes en etiese kode van maatskaplike werk, korrek op kan tree; • deurlopend 'n kliëntgesentreerde benadering in alle maatskaplikewerk-insette rakende substansmisbruik kan volg; • die interpersoonlike vaardighede wat vereis word vir dienslewering binne 'n multidisiplinêre opset, bemeester; en • sy/haar kennis rakende substansmisbruik kan toepas en hierdie kennis op 'n wetenskaplike wyse kan kommunikeer.
Metode van aflewering:	Voltyds
Assesseringsmetodes:	

Modulekode: BSWG417	Semester 1	NKR-Viak: 7(8) Krediete: 8
Titel:	Diversiteit in maatskaplike werk	
Module-uitkomste:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • die teoretiese raamwerk waarbinne multi-kulturele maatskaplike werk onderneem word, kan verduidelik; • die konstrakte wat met kultuur en kulturele bekwaamheid verband hou, kan verduidelike en motiveer; • met sensitiwiteit en empatie teenoor verskillende kliënte op kan tree en elk vanuit selfbegrip en openheid kan hanteer; • persoonlike voorkeure identifiseer en voorkom dat eie waardes en norme op kliënte afgeforseer word; • teenoor faktore soos diskriminasie kan veg en etiese beginsels in die praktyk kan toepas; • teoretiese konsepte rakende diversiteit in die maatskaplikewerkpraktyk kan toepas; • van kultureel gedefinieerde gedragpatrone gebruik kan maak ten einde 'n suksesvolle diens in die gemeenskap te lewer; • kritieke maatskaplike kwessies en die instandhouding daarvan bevraagteken, die moontlike negatiewe effek daarvan uitwys en oplossings daarvoor voorstel; • strategieë om onbillike praktyke te beëindig kan voorstel en aanwend • kennis en vaardighede in die multi-kulturele maatskaplikewerkpraktyk kan aanwend; • realistiese doelwitte rakende 'n diverse kliëntsisteem kan daarstel en die bes moontlike diens binne diverse gemeenskappe kan voorsien; en • met waardigheid teenoor en vir alle moontlike kliënte optree. 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:		

Modulekode: BSWG418	Semester 1	NKR-Vlak: 7(8) Krediete: 8
Titel:	Praktykbestuur in maatskaplike werk	
Module-uitkomste:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • die prosesse onderliggend aan die praktykbestuurproses kan beskryf, interpreteer en implementeer; • die organisasie konteks kan verstaan; • sy/haar eie werk en gevallelading op 'n professioneel verantwoordbare wyse kan bestuur; en • die rol van supervisie in die maatskaplikewerk-praktyk krities kan evalueer. 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:		

Modulekode: BSWG471	Semester 1 & 2	NKR-Vlak: 7(8) Krediete: 48
Titel:	Internskap (PK & VDK)	
Module-uitkomste:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • die praktykvereistes wat deur die universiteit en praktykorganisasies gestel word, verstaan en kan nakom; • die praktykorganisasie waar die mini- internskap gedoen word asook die gemeenskapsverband waarbinne dit funksioneer, ken, verstaan en kan benut; • professionele-etiese oordeel aan die dag kan lê; • die nodige maatskaplikewerkdienste aan die individu kan lewer; • die nodige maatskaplike groepwerkdienste kan lewer; • die nodige gemeenskapswerk en gemeenskapsontwikkelingsdienste kan lewe; • die nodige praktykbestuursvaardighede kan toepas; • 'n navorsingvoorstel kan saamstel; • kommunikasievaardighede kan demonstreer; • insig kan toon in die hulpbronne ten opsigte van bestaansbeveiliging; • insig kan toon in statutêre beleid en take asook die toepaslike vorms wat voltooi moet word; • aan die vereistes van die SARMD kan voldoen; • professioneel-etiese oordeel aan die dag kan lê; • netwerke kan opbou en binne 'n span kan saamwerk; • die visie, missie en werksaamhede van 'n beroepsvereniging, asook die rol van vakbonde en professionele versekering begryp; • die aansoek om 'n betrekking (insluitende die samestelling van 'n curriculum vitae) en die indiensnemingsprosedures kan hanteer; • persoonlike behoeftes vir inskakeling in 'n nuwe gemeenskap en werksmilieu kan identifiseer; • toesighouding (supervisie) sinvol kan benut; 	

	<ul style="list-style-type: none"> • met die nodige professionaliteit binne 'n nuwe werksmilieu kan funksioneer; • 'n koherente en kritiese begrip van maatskaplike probleme en die verskillende diensvelde van maatskaplike werk kan demonstreer; • konkrete en abstrakte probleme en strydvrage met behulp van praktyk bewese oplossings en teorie gedrewe argumente kan hanteer; • 'n omvattende kennis van hedendaagse maatskaplike vraagstukke en diensleweringsvelde kan demonstreer; • sy/haar eie idees en menings op 'n gestruktureerde en professionele; wyse aan 'n gehoor kan aanbied; en • die kwaliteit van sy/haar professionele mondering tydens 'n mondeling eksamen kan bewys.
Metode van aflewering:	Voltyds
Assesseringsmetodes:	

Modulekode: BSWG472	Semester 1 & 2	NKR-Vlak: 7(8) Krediete: 24
Titel:	Maatskaplikewerk-navorsing: teorie en toepassing	
Module-uitkomst:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • die konteks en praktyk van maatskaplikewerk-navorsing verstaan; • die navorsingsproses, insluitende die voorondersoek, steekproeftrekking, navorsingsontwerp, modelle en prosedures begryp; • die werksmetode van die maatskaplikewerk-navorsers kan uitvoer; • die vereistes en inhoud van 'n navorsingsvoorstel kan bespreek; • die vereistes en inhoud van 'n navorsingsverslag verstaan; • die verskillende tipes navorsingsverslae kan onderskei; • die aard van studieleiding en studiebenutting verstaan en optimaal kan benut; • toepaslike literatuur in konteks met empiriese data kan bring en integreer; • basiese statistiek en die grafiese voorstelling van data begryp; • die verskillende aspekte van meting kan verduidelik, en • die resultate van navorsing skriftelik in 'n navorsingsverslag kan verwoord. 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:		

G.13.4.4.2 Psigologie

Modulekode: PSYC111	Semester 1	NKR-Vlak: 5a(5) Krediete: 12
Titel:	Inleiding tot Psigologie	
Module-uitkomste:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • 'n fundamentele kennisbasis van basiese menslike funksionering, insluitende biologiese, kognitiewe, emosionele en motiveringsprosesse, sowel as hulle samehang, menslike- en persoonlikheidsontwikkeling, en die wyse waarop dit vergestalt in abnormale gedrag en optimale menslike funksionering te demonstreer; • 'n begrip vir basiese aspekte van menslike funksionering in die self en ander mense in goed gedefinieerde situasies in die onderrigkonteks te kan demonstreer; • 'n verhoogde bewustheid en sensitiwiteit vir basiese menslike funksionering in die eie en ander se funksionering in 'n multikulturele konteks te demonstreer, deur middel van 'n refleksiewe dagboek, sowel as die toepassing van relevante literatuur op 'n geïntegreerde wyse in 'n individuele, geskrewe opdrag en mondelinge plakkaatvoordrag. 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:	Pk 1 x 2 uur; 1 : 1	

Modulekode: PSYC121	Semester 2	NKR-Vlak: 5a(5) Krediete: 12
Titel:	Sosiale en gemeenskapsigologie	
Module-uitkomste:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • 'n fundamentele kennis van en insig in die perspektiewe en teorieë waarop die sosiale en gemeenskapsigologie gebaseer is en 'n ingeligte begrip van die konsepte en terminologieë te kan demonstreer sodat jy dit kan toepas op goed-gedefinieerde probleme of gevallestudies soos armoede, konstante verandering, menseregte, magsmisbruik, korrupsie, rassisme, vreemdelinge-haat, ensomeer, binne 'n multikulturele konteks en 'n begrip vir hulle samehang; • inligtingsverkrygings- en verwerkingsvaardighede te demonstreer vir die skryf van take binne die konteks van die sosiale en gemeenskapsigologie op individuele of in groepverband; • gevallestudies, voorbeelde of probleemsituasies en oplossings, individueel of in groepverband, te analiseer en te evalueer en in die vorm van 'n verslag of werkstuk, verbaal of skriftelik te kan weergee binne voorgeskrewe konvensies en formate; • in alle vorme van kommunikasie en interaksie 'n gevestigde 	

	houding en etiese sisteem teenoor mense te demonstreer.
Metode van aflewering:	Voltyds
Assesseringsmetodes:	Pk 1 x 2 uur; 1 : 1

Modulekode: PSYC211	Semester 1	NKR-Vlak: 5b(6) Krediete: 16
Titel:	Ontwikkelingspsigologie	
Module-uitkomste:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • 'n deeglike kennisbasis van die fisiese, kognitiewe, sosiale, morele en persoonlikheidsontwikkeling van mense in elke stadium van die lewensiklus te kan vorm; • 'n deeglike begrip van standpunte oor die aard van die mens, konsepte, teorieë en kernterminologieë wat gebruik word in die Ontwikkelingspsigologie te kan demonstreer om so inligting betroubaar, samehangend en eties-korrek te kan kommunikeer in assesseringsopdragte; • inligting oor menslike ontwikkeling krities te kan evalueer, analiseer en sintetiseer om so gesimuleerde probleme, individueel of in groepe, te kan oplos; • 'n deeglike begrip van akademiese diskoerse oor die impak wat diverse kontekste soos armoede, wanvoeding, oorpopulasie, geografiese omstandighede, diskriminasie en ontoereikende sosiale en fisiese stimulasie op menslike ontwikkeling het, te verkry. 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:	Pk 1 x 3 uur; 1 : 1	

Modulekode: PSYC212	Semester 1	NKR-Vlak: 5b(6) Krediete: 16
Titel:	Persoonlikheidspsigologie	
Module-uitkomste:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • 'n grondige kennisbasis met toepaslike insig te demonstreer <ul style="list-style-type: none"> ◦ van verskillende, meta-teoretiese werklikheids- en lewenstandpunte, wat relevant is aan menslike funksionering en denkraamwerke van persoonlikheid byvoorbeeld psigodinamika, humanistiese en ekosistemiese; • in staat te wees om die inhoud en toepassingsmoontlikhede van persoonlikheidsteorieë en persoonlikheidspsigologie te kan verduidelik, beredeneer, aan die hand van gepaste literatuur te staaf en skriftelik sowel as mondeling te kommunikeer deur die integrasie van die basis van wetenskaplike metodes en etiese beginsels; • goedgedefinieerde, opkomende werklike probleme, situasies en gevallestudies te kan analiseer deur die mees toepaslike prosedures en tegnieke eie aan die 	

	persoonlikheidspsigologie te gebruik om die gedrag vanuit die persoonlikheidsteorieë te verklaar, vergelyk en moontlike oplossings te beredeneer en weer te gee in 'n samehangende/logiese en betroubare verslag.
Metode van aflewering:	Voltyds
Assesseringsmetodes:	Pk 1 x 3 uur; 1 : 1

Modulekode: PSYC221	Semester 2	NKR-Vlak: 5b(6) Krediete: 16
Titel:	Positiewe Psigologie	
Module-uitkomste:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • 'n gevestigde kennisbasis van <ul style="list-style-type: none"> a) die skuif van die tradisionele patogene paradigma na die salutogene perspektiewe van menslike funksionering en vandaar na 'n gebalanseerde perspektief op welsyn van patologie tot "flourishing" asook die implikasies daarvan vir openbare gesondheid b) Positiewe Sielkunde/Psigofortologie as beweging binne die veld van Sielkunde, asook 'n goeie begrip van die belangrike konsepte, reëls, beginsels en teorieë wat verband hou met psigologiese gesondheid te demonstreer, ten einde dit toe te pas op die identifisering en fasilitering van die eie en ander se funksionering in 'n multikulturele konteks; • die vermoë demonstreer om goed-gedefinieerde, maar onbekende probleme wat verband hou met psigologiese en psigososiale gesondheid op te los, deur gebruik te maak van toepaslike prosedures en goeie bewyse vanuit 'n kritiese analise van verskillende teorieë binne Positiewe Sielkunde/Psigofortologie, asook om die inligting op 'n betroubare en koherente wyse, beide verbaal en skriftelik te kommunikeer, en sodoende bewys te lewer van effektiewe en kritiese beredenering; • jou kennis en insig in Positiewe Sielkunde/Psigofortologie op moreel-etiese en kultuursensitiewe wyse aan te wend op beide individuele en sosiale vlak met 'n sensitiwiteit vir onder andere die kollektiwistiese en individualistiese waardesisteme. 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:	Pk 1 x 3 uur; 1 : 1	

Modulekode: PSYC311	Semester 1	NKR-Vlak: 6(7) Krediete: 16
Titel:	Psigopatologie	
Module-uitkomste:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • 'n afgeronde en sistematiese kennis van psigologiese verstourings, in die konteks van 'n bio-psigososiale model, in 'n multi-kulturele konteks te kan demonstree; • 'n samehangende en kritiese begrip van die relevante konsepte en terminologieë, teorieë, en prosesse en tegnieke van die psigopatologie toepaslik binne die professionele konteks te kan toon sodat jy dit kan toepas binne ongedefinieerde en meer komplekse probleem-situasies soos voorkom in gevallestudies; • 'n begrip te toon van patologie en intervensies in die konteks van primêre, sekondêre en tersiêre gesondheidsorg; • inligtingsverkrygings- en verwerkingsvaardighede te demonstree vir die afhandeling van skriftelike opdragte; • gevallestudies of voorbeelde krities individueel en in groepsverband te kan analiseer en 'n eie geïntegreerde opinie gebaseer op teoretiese begroning te lewer en in verslagvorm te kommunikeer volgens die voorgeskrewe konvensies van die vak; • in alle vorme van kommunikasie en interaksie 'n gevestigde waardesisteem en etiese gedragkode te kan demonstree. 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:	Pk 1 x 3 uur; 1 : 1	

Modulekode: PSYC312	Semester 1	NKR-Vlak: 6(7) Krediete: 16
Titel:	Navorsing en Psigometrie	
Module-uitkomste:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • die aard en prosesse van psigologiese evaluering te verduidelik soos dit ingebed is in die verskillende perspektiewe op werklikheid en menslike funksionering; • die basiese eienskappe en tegniese vereistes van psigologiese toetse te ken, en te kan verduidelik en evalueer (verbaal en skriftelik) hoe toetse en toetsnorms ontwikkel word; • die bruikbaarheid van psigologiese toetse te evalueer aan die hand van hulle psigometriese eienskappe met inagneming van die etiese aspekte; • die beheer en die gebruik van assesseringsmeetmiddels te verduidelik in diverse populasies deur die gebruik van die gepaste standaarde en norme; • 'n samehangende en ingeligte begrip van die navorsings-proses te demonstree vir beide kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsing teen die agtergrond van die perspektiewe op die werklikheid; 	

	<ul style="list-style-type: none"> inligting van beide virtuele en ander bronne onafhanklik te verkry en te sintetiseer vir die voltooiing van take soos werkopdragte en projekte; navorsingsartikels krities te analiseer en evalueer, 'n onafhanklike opinie te formuleer, gebaseer op stawende teorieë en 'n verslag te skryf, gebaseer op die APA konvensies.
Metode van aflewering:	Voltyds
Assesseringsmetodes:	Pk 1 x 3 uur; 1 : 1

Modulekode: PSYC321	Semester 2	NKR-Vlak: 6(7) Krediete: 16
Titel:	Basiese hulpverlening en etiese gedrag	
Module-uitkomste:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> 'n grondige kennis van 'n algemene model, die terapeutiese proses, tipiese hulpverleningsvaardighede, 'n paar geselekteerde toepassingsvelde (byvoorbeeld vigs- en post-traumatische stresvoorigting) en die etiese kode van hulpverlening te kan demonstreer en 'n samehangende en kritiese begrip van die relevante konsepte, beginsels en teorieë van die terrein te toon sodat jy dit kan toepas binne ongedefinieerde komplekse probleem-situasies en etiese vraagstukke soos voorkom in gevallestudies; gevallestudies of voorbeelde krities individueel en in groepsverband te kan analiseer en 'n eie opinie gebaseer op teoretiese begroning te lewer en in verslagvorm te kommunikeer volgens die voorgeskrywe konvensies van die vak; in alle vorme van kommunikasie en interaksie 'n gevestigde waardesetel en etiese gedragskode te kan demonstreer met 'n bewustheid van menseregte problematiek. 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:	Pk 1 x 3 uur; 1 : 1	

Modulekode: PSYC322	Semester 2	NKR-Vlak: 6(7) Krediete: 16
Titel:	Toegepaste Psigologie	
